

WERWINGSAGENTSAPPE / ARBEIDSMAKELAARS (TES/BROKERS) / ONAFHANKLIKE KONTRAKTEURS

Ons het reeds voorheen produsente aangeraai om duidelik te onderskei tussen Werwingsagentskappe (Private Employment Offices), Arbeidsmakelaars of soos algemeen bekend "Brokers" (Temporary Employment Services) en Onafhanklike Kontrakteurs (Independent Contractors), maar herhaal dit net weer kortliks:

VERSKILLE IN DIENSOOREENKOMSTE

WERWINGSAGENTSAPPE	ARBEIDSMAKELAARS (TES/BROKERS)	ONAFHANKLIKE KONTRAKTEURS
Werf personeel (permanent of tydelik) vir die kliënt en word gewoonlik vergoed teen 'n persentasie van die kandidaat se vergoeding.	Werf ook werknemers vir die kliënt, maar bly die werkgewer van hierdie personee.	Verrig 'n spesifieke taak en daar word net ooreengekom oor die uitset, die koste en die tydsraamwerk.
Die kliënt (Produsent) is dan die werkgewer van hierdie persoon.	Die kliënt betaal hulle deur 'n per kop fooi of persentasie van die lone.	Die kliënt het geen beheer oor die werkers van die kontrakteur of die hoeveelheid nie en verskaf geen toerusting nie.
Moet geregistreer wees by die Departement van Arbeid en bewys hiervan (Vorm 08) moet getoon kan word aan Produsent.	Hulle moet as werkgewers registreer en bewys daarvoor kan toon – WVF, Ongevallefonds, ens.	Verskeie ondernemingsvorme, bv, maatskappy, beslote korporasie, ens.

Vir al 3 kategorië is dit uiters belangrik dat kontrakte opgestel word wat die werksverhouding duidelik uitspel. Gewoonlik verskaf al hierdie personee die kontrakte (kwotasie in die geval van 'n onafhanklike kontrakteur), maar Produsente word aangeraai om dit deeglik na te gaan en professionele hulp te verkry indien daar enige onsekerheid bestaan.

Veral in die geval van Arbeidsmakelaars is dit belangrik om te verseker dat hulle geregistreer is en aan arbeidswetgewing voldoen. **Maak ook seker dat die tydperk waarvoor hul dienste benodig word (aktiwiteit sowel as datum, watter een ookal 1ste voorkom) duidelik uitgespel en op ooreengekom word.**

Verder word aanbeveel dat, ofskoon die tydperk uitgespel word, daar ook in die kontrak voorsiening gemaak word vir 'n **kennisgewingsperiode** sodat daar geen onsekerheid daarvoor sal wees nie.

Indien daar enige twyfel bestaan oor die Arbeidsmakelaar se registrasie en/of hy aan wetlike vereistes voldoen is dit raadsaam om eerder sy werknemers self in diens te neem op 'n tydelike grondslag.

Lede van die KAW kan gratis konsep kontrakte hiervoor aanvra, maar almal is welkom om ons webtuiste te besoek waarop baie arbeidsverwante vrae beantwoord word. (www.caeo.co.za)